Dinsdag 13 September
Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:12, 13 (AFR83)

Die gelowige se houding teenoor en reaksie op verontregting (lyding) in afwagting op die wederkoms

Die omstandighede waarin die gelowiges in Klein-Asië gelewe het, was moeilik. Ter wille van Christus het hulle lyding deurgemaak. Petrus bemoedig die Christene wat uit die heidendom tot geloof gekom het. Vandat hulle tot geloof gekom het, word hulle ontnugter. Die druk van hulle heidense volksgenote het hulle lewe bemoeilik. Die gelowiges was verslae, teleurgesteld, want hulle het omstandighede anders voorgestel. In plaas van beloofde heerlikheid het lyding hulle deel geword. Hulle was verbaas oor die vuurproef wat hulle moes deurmaak. In hulle geloofslewe was daar agteruitgang. Geestelike insinking het gedreig om hulle geloof en hoop te vernietig. Wat help dit om in Christus te glo as jy daaroor vervolg word?

Paulus stel hulle gerus. Hy verseker hulle dat die lyding ter wille van Christus nie iets vreemds is nie. In hierdie swaarkry moes hulle eerder bly wees. Hulle sou dan, met die wederkoms van Christus, van vreugde oorloop. Hierdie eindpunt moes hulle nooit uit die oog verloor nie.

Wanneer ons ons teen bedreiginge of lyding blindstaar, kwyn ons geloof en ons hoop vervaag … Ons houding teenoor en ons reaksie op verontregting laat ons geloof op God en wat Hy in sy groot ontferming gedoen het, vervaag. Dan fokus ons nie meer op wat Christus vir ons gedoen het nie en steeds doen nie.

Deur sy opstanding het ons reeds deel aan die lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:3, 4). Die lewende hoop, versterk deur die Heilige Gees, stel ons in staat om bly te wees – ongeag ons lewensomstandighede. Deur lyding word die egtheid van ons geloof getoets. Die doel: sodat dit lof en eer en heerlikheid waardig mag wees by die wederkoms van Christus.

Hou aan om goed te doen. Mag die ontnugtering wat ons tans beleef, deur die lewende hoop oorwin word – alles tot verheerliking van God.

Sing: Psalm 91-1:1, 2, 6

Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)